Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

# Die O.B.

Jrg. 11. Kaapstad, 5 November 1952. Prys 3d. Nr. 49.

# Blad se Naam sal Wees *Die Republikein*

**Die nuwe onafhanklike blad wat binnekort gaan verskyn, se naam sal wees *Die Republikein*. Die naam is deur die departement van binnelandse sake goedgekeur en geregistreer. 'n Vergadering van die verkleinde Grootraad wat deur die Bloemfonteinse laertrek met die uitgewing van *Die Republikein* belas is, word vandag in Pretoria gehou. Die datum waarop die blad sy verskyning sal maak, sal so vroeg moontlik afgekondig word.**

'n Een-en-tagtigjarige republikein, mnr C. S. Marais van Elandskraal, George, skryf aan die sekretaris dat hy ook graag sy deeltjie wil bydra tot die republikeinse blad. Hy sluit 10s. in met die woorde:

„Al is dit min wens ek julle alle sukses toe in die poging om ons land en volk uit die hande van sy verdrukkers te red. Ek is ook al hoog in my ouderdom, naamlik 81 jaar, maar ek hoop om vas te staan by ons beweging. Daar ek ook een van die eerstes was wat aangesluit het by die O.B., hoop ek om nou ook weer my deel te doen, want sonder my blad kan ek nie bly nie. Hou maar koers!"

**Mnr. D. F. de Swardt, Worcester, skryf dat hy graag ses kollektelyste wil hê om geld in te samel vir Die Republikein. Verder vra hy dat 100 eksemplare van die eerste nommer op sy rekening aan hom gestuur moet word. „Ek verseker u dat elke koerant deur 'n huisgesin gelees gaan word," besluit hy.**

### NAVRAE

Verskillende navrae oor die verskyning van die blad is die afgelope week by die sekretaris gedoen deur buitelanders. Een persoon het die opmerking gemaak dat hy 'n heftige teenstander van die O.B. was — tot so 'n mate dat hy en sy broer, wat 'n ondersteuner was, vir 'n lang tyd vervreemd geraak het van mekaar. „Maar as julle 'n onafhanklike republikeinse blad uitbring, sal ek ook op hom inteken," het hy onderneem.

Geldelike bydraes wat vir die blad gestuur word, sal in Die Republikein verantwoord word, maar intussen kan gemeld word dat die afgelope week weer £10 ontvang is van mnr. C. A. Derks, Noute, Uppington, £5 van mnr. J. J. W. van Zyl, De Aar, 14s. van mnr. J. T. Muller, Cradock, en 7s. 6d. van mnr. F. D. Theron, distrik Oudtshoorn.

# REGERINGSPARTY BESKERM OPPOSISIE SE ROOI DADE

**Een van die eienaardighede van politieke partye is dat daar 'n stille verstandhouding tussen hulle bestaan om nie verder te baklei as 'n bepaalde streep nie. Verder as daardie streep beskerm hulle mekaar teenoor die publiek of buite-organisasies. Niks bring hierdie „staat van goeie betrekkinge" tussen die partye duideliker uit nie as die manier waarop die Britse Konserwatiewe Party die kommunistiese brouwerk van die Arbeidersbewind vir die publiek bedek hou nie. Die huidige regering is eintlik aanstootlik teenoor buitestanders in sy volhardende weiering om geen ondersoek toe te laat na die omstandighede wat gelei het tot die verdwyning van twee hooggeplaaste diplomate tydens die vorige bewind nie.**

**Tot verlede week het die Churchill-bewind die sluier dig gehou oor die kommunistiese verband van Maclean en Burgess wat in Mei 1951 uit belangrike betrekkings in die departement van buitelandse sake weggeloop het na anderkant die Ystergordyn. Die onafhanklike pers het met vers en kapittel aangetoon dat albei hierdie amptenare bekend was vir hul kommunistiese gesindheid, maar dat hulle desondanks onder die Arbeidersbewind in verantwoordelike posisies aangestel is waar hulle met die hoogste geheime in aanraking gekom het.**

**'n Paar maande later het die Konserwatiewe Party aan bewind gekom en het dus die geleentheid gehad om hul teenstanders aan die kaak te stel. Niks het egter gebeur nie — en dis al meer as 'n jaar. Inteendeel, die onderminister van buitelandse sake, lord Reading, het diegene wat op 'n ondersoek aangedring het, van moedswilligheid beskuldig.**

**Verlede week is hierdie selfde minister deur 'n onafhanklike lid van die hoërhuis in 'n hoek gejaag met inligting wat hy uit Amerika verkry het aangaande Maclean se kommunistiese verlede, en moes hy erken dat Maclean voor sy verdwyning uitlatings gedoen het wat hom as 'n kommunis geopenbaar het. Dit is die eerste maal dat so iets van regeringskant toegegee word. Die onafhanklike lid, lord Elton, het verklaar dat die Amerikaanse speurdiens in besit is van 'n toespraak waarin Maclean homself 'n kommunis noem.**

In 'n uitgawe lank voor hierdie toegewing het Intelligence Digest op hierdie eienaardige houding van die Konserwatiewe regering gewys, en onder meer verklaar: „Die feite is duidelik: **Nòg die regering nòg die opposisie begeer so 'n (koninklike) ondersoek. Albei staan saam in hul aanval op enig iemand wat 'n ondersoek vra.**

„Waarom?"

### DIE FEITE

„Twee amptenare van die departement van buitelandse sake, wie se persoonlike en politieke verlede in 'n wye kring bekend was as skokkend, is desondanks aangestel in belangrike betrekkings waar dit onvermydelik was dat hulle met staatsgeheime in aanmerking sou kom. Mnr. Maclean is aangestel as 'n hoof in die departement van buitelandse sake; mnr. Burchess was assistent-privaatsekretaris van 'n minister van 1947 tot 1950 en daarna was hy verbonde aan die Britse gesantskap in Washington. Dit is die erns van die saak. Albei het toe in uiters verontrustende omstandighede verdwyn.

„Sulke aanstellings is aanbeveel, gedoen en bekragtig deur vooraanstaande persone. Wie is hulle? Die publiek behoort te weet wie hulle is en watter posisies hulle tans beklee. Hulle verlede was nie onbekend nie.

„Is daar iemand wat kan glo dat diegene wat vir so 'n ernstige flater verantwoordelik was, 'n ondersoek sal verwelkom? Kan iemand twyfel dat amptenare wat sulke aanstellings — met al die feite voorhande — gedoen het, nie uiters onbekwaam was of tot 'n mate met die idees van Maclean en Burgess gesimpatiseer het nie?

### INTIEME VRIENDE

„Ons kom nou by die uitgebreide persoonlike vriendskapsbetrekkinge van Burgess binne die Arbeidersparty toe hy privaat-sekretaris van 'n Arbeiderminister was. 'n Permanente amptenaar in die hoedanigheid van privaat-sekretaris het nie dikwels intieme vriende in sulke hoë kringe as wat Burgess gehad het nie. **Het hierdie hoë vriende met sy idees gesimpatiseer of nie? Het hulle gemeen dat die jong kommunis in die departement van buitelandse sake nuttig kon wees om ander invloede af te weer in die departement? Het hulle gehoop om die beleidsrigting te bepaal?**

„Dan is daar die kwessie van mnr. Strachey. Burgess was op vriendskaplike voet met mnr. Strachey. **Op die tydstip van die verdwyning was mnr. Strachey die minister wat gedeeltelik verantwoordelik was vir M.I.5 — een van die veiligheidsdienste wat belas was met**

## Toestand Baar Sorg in Brittanje

**die opsporing van die vermiste amptenare.**

„Moes mnr. Strachey nie die feit van sy vriendskap met Burgess aan die parlement geopenbaar het nie?

### AMPTENARE MENG IN

**„Ten slotte is dit 'n feit dat twee Britse amptenare na Frankryk gegaan het om hulle in te meng met die ondersoek wat 'n joernalis na hierdie en ander sake ingestel het. Wie het hulle gestuur? Wie het hierdie agente opdrag gegee? Dit is nog 'n saak wat ondersoek vereis.**

„Dit is verontrustend dat 'n Konserwatiewe bewind nie bereid was om 'n koninklike ondersoek te gelas nie, maar liewer toegelaat het dat 'n blad wat die menings van 'n groot liggaam weerspieël, aangeval word. Min Konserwatiewes wat so hard vir hul party verlede jaar gewerk het, sou toe geglo het dat so iets moontlik is. Baie het vir die party gewerk omdat hulle geglo het dat sake soos hierdie deur 'n openbare hof ondersoek sou word. **Die hele aangeleentheid laat vrae van verreikende belang vir die publiek sowel hier as elders ontstaan.**

### ALBEI PARTYE

**„Dit is duidelik dat Intelligence Digest kan verwag om**

(Vervolg in volgende kol.)

(Vervolg van vorige kolom)

**deur albei partye aangeval te word . . .**

**„Watter toestand is dit waar diegene wat verkeerde aanstellings in belangrike betrekkings doen, beskerm word, en diegene wat 'n ondersoek daarna eis, uitgemaak word vir rusverstoorders?**

**„Waar het ons beland wanneer sowel Konserwatiewes as Arbeidersparty die skuldiges beskerm en die eisers van 'n ondersoek in die beskuldigingsbank plaas?**

**„Die hele aangeleentheid is uiters ernstig en weerspieël 'n ongesonde toestand," besluit die blad.**

'n Mens wil vra: Hou die „goeie betrekkinge" wat tussen partye gehandhaaf word ook in dat hulle mekaar se foute en wanpraktyke tydens hul bewind bedek moet hou net soos hulle met hul „afparingsbeleid" die regerende party help om aan bewind te bly? Word dit in die parlementêre stelsel as 'n „hou onder die belt" beskou om ernstige foute van 'n voormalige partybewind aan die kaak te stel?

## Nuwe Name en Nuwe Lesers

**Nadat The Guardian, die Kaapstadse weekblad wat vyf maande gelede kragtens die wet op onderdrukking van kommunisme, in die ban gedoen is, verdwyn het, het 'n nuwe blad in sy plek verskyn onder die naam Clarion. Omdat daar in 1948 reeds so 'n blad geregistreer was, het die departement van binnelandse sake geweier om die naam te registreer. Die blad het daarna weekliks uitgekom onder die naam People's World; maar 'n ander koerant, People's Weekly, het beswaar gemaak teen die naam en nou sal die blad, wat nog onder dieselfde redaksie as die voormalige Guardian staan, uitgegee word onder die naam Advance.**

**Ná die verskyning van die blad as Clarion is aangekondig dat die sirkulasie met duisende toegeneem het. Binne enkele weke het dit gestyg tot 8,000 meer as die hoogste sirkulasiesyfer van The Guardian.**

# GEHEIME LEK IN ENGELAND UIT OP 'N STREEP

**„Tot die lang lys lekkasies van hoogs geheime inligting uit Brittanje gedurende die afgelope ses jaar is nou nog een gevoeg. 'n Volkskaalse ondersoek is gelas na die uitlekking van besonderhede van Brittanje se jongste spuitmotor, die Conway, waarvan selfs die naam op die geheime lys was," skryf die Cape Times in 'n hoofartikel.**

Die blad gaan voort deur te verklaar dat Frankryk se veiligheidsmaatreëls so swak is dat die Amerikaanse leërowerheid nie bereid is om wapens aan hom te verskaf waarvan die tegniese besonderhede nie so algemeen bekend is nie. Maar Frankryk het 'n verskoning — byna eenderde van die bevolking is òf kommunisties òf kommunistiesgesind. Hierteenoor staan Amerika met sy strenge veiligheidsdiens wat daartoe aanleiding gee dat mense van hom praat as 'n polisiestaat.

„Brittanje aan die ander kant het 'n middeweg tussen die twee beleide gevolg. Dit is nie 'n polisiestaat nie en ook nie 'n laat - maar - vaar - staat soos Frankryk nie. **Maar was die Britse beleid 'n sukses? Sommige van die grootste veiligheidslekkasies sedert die einde van die oorlog het deur Brittanje ontstaan — Frankryk het oor baie min ware Westerse geheime beskik. Die Britse veiligheidsdiens moet die verantwoordelikheid aanvaar vir bv. Alan May Nunn en Klaus Fuchs.**

„Daar is nog ander ernstige gevalle waarvan die Conway-geval die jongste is. Na elke vorige bekende geheimverklapping was daar 'n deeglike ondersoek en is gate toegestop, **maar sonder veel welslae tot dusver.** Die V.S.A. is kwalik geneem omdat hy nie sy atoomgeheime met Brittanje wou deel nie, maar nou ná die Britse atoomontploffing word 'n hersiening van Amerikaanse beleid voorspel. **Brittanje sal daarom geen tyd kan laat verlore gaan om hierdie deel van sy huis in orde te bring nie."** Aldus die Cape Times.

## Tee-Aand

**Die tee-aand verlede Vrydagaand in die Vriendskapsentrum wat deur mej. H. Retief aangebied is, was goed bygewoon en 'n bedraggie van £2 7s. is vir die fondse van die blad bygedra.**

DIE O.B., WOENSDAG, 5 NOVEMBER 1952

# INDIË IS ONS VOOR

**Die Indiese radio in New Delhi sal vroeg aanstaande jaar begin met 'n daaglikse uitsending na Oos-Afrika in Swahili.**

Vir die Unie-regering is dit 'n ernstige aanmaning op hierdie gebied. Suid-Afrika se posisie is dermate aan gebeurtenisse en beleid in die res van Afrika blootgestel dat nasionale koerante selfs in Brittanje se „abdikasie" ten opsigte van sy kolonies in Afrika beskou as 'n bedreiging vir Suid-Afrika se toekoms. Die wêreldwye propaganda teen die Unie word met bakore opgevang in die gebiede ten noorde van die Limpopo en 'n vyandskap word gekweek wat enige toekomstige optrede van die Unie by voorbaat reeds torpedeer. Om maar vlak voor ons deur te kyk: Ons sit met die vraagstuk van die oordrag van die Protektorate. Die Britse amptelike standpunt, soos dit van tyd tot tyd deur verskillende regerings gedra word, is eenvoudig dat die naturelle binne die Protektorate eers hul toestemming moet gee voordat oorhandiging kan plaasvind. Dit is hulle vertolking van die voorbehoud dat raadpleging met die naturelle moet geskied. Watter hoop het enige Suid-Afrikaanse regering wat die breë grondslae van afsondering as beleid aanvaar om ooit 'n gunstige antwoord van die inboorlinge van daardie gebiede te kry wanneer alles wat hulle hoor en lees omtrent Suid-Afrika en sy beleid, belaai is met kwaadwillige voorstellings en vyandskap? Selfs dr. Nkrumah van die Goudkus is ons voor op die gebied van propaganda—al sou hy uitsluitend gebruik maak van 'n riemtelegraafdiens.

## MOET GRONDSLAG LÊ

Sonder om verder op besonderhede in te gaan kan ons net daarop wys dat indien die paar miljoen blankes in Afrika, wat hoofsaaklik in Suid-Afrika saamgetrek is, hoop om hul posisie blywend op hierdie vasteland te verseker, hulle heeltemal afhanklik is van die mate van vertroue en welwillendheid wat hulle van die kant van die byna 200 miljoen naturelle gaan kry. **En die grondslae van daardie vertroue moet nou gelê word. Dog dit ontbreek geheel en al sover dit die naturelle buite ons grense betref. Binne ons grense is sulke goeie grondslae gelê deur manne soos Andries Pretorius en Paul Kruger dat ten spyte van kommunistiese ondergrawing en liberalistiese opsweping daar vandag nog 'n sterk kern onder die Bantoe-volke van die Unie is wat hulle teen die African National Congress verset. Maar hierdie kern word steeds kleiner, want van die kant van die witman word baie weinig gedoen om die bose propaganda teen te spreek. Daarvoor is almal te besig om die volgende verkiesing te wen met beskuldigings en teenbeskuldigings oor onderdrukking van of verbroedering met die naturelle.**

In plaas dus van die veld na buite voor te berei vir die groter Afrika-taak wat daar op ons blankes rus, is die veld onder ons voete besig om te krimp. Honderd jaar gelede kon genl. Pretorius nog sy kierie aan 'n opperhoof stuur as blyk van welwillendheid, maar vandag is daar ander hulpmiddels om die gesindheid van volke te plooi. Dwarsdeur die wêreld is daar 'n worsteling oor die lug aan die gang om die gees van volke. Agter die Ystergordyn ketting een ononderbroke stroom propaganda uit na alle wêrelddele en die radio-uitsendings van die Weste word van agter die Ystergordyn teen 'n koste van miljoene ponde aanhoudend belemmer. So woed die stryd om die menslike gees voort.

## INDIË SE DROOM

Die afgelope jare het dit duidelik geword dat Indië drome droom oor Afrika. Hy soek 'n aflaaiplek vir sy honderdmiljoene. **Deeglik bewus van die mag van die radio het Indië besluit om sy pad in Afrika deur die lug te baan. As hy sy grense wil uitbrei, weet hy, moet hy betyds die grondslae daarvoor lê. Daarmee begin hy aanstaande jaar.**

**Wat doen Suid-Afrika om hierdie uitdaging te beantwoord?** Sedert 1951 het daar 'n sogenaamde Afrika-sender in werking gekom wat radio-programme binne die Unie oor die hele vasteland stuur. Dit was 'n groot stap vooruit. Daarmee bereik ons minstens 'n groepie blankes met 'n bietjie neutrale ontspanningsprogramme. **Maar wat van die miljoene Bantoes? Aan hulle word so min gedink dat wanneer die binnelandse Bantoe-programme uitgesaai word oor die Afrikaanse en Engelse senders, die Afrika-sender afgeskakel word!**

Miskien word gemeen dat die Bantoes in die noorde nie opvangtoestelle het nie en dat dit dus nuttelose uitgawe is om hulle oor die lug te bearbei. **Maar is daar al ondersoek ingestel hierna?** Reeds enkele jare gelede het die Britse pers gemeld van 'n geslaagde skema om goedkoop radio's aan naturelle in Britse gebiede te verskaf. **En as New Delhi dit nuttig ag om uitsendings te doen in Swahili, sal hy wel die oog op meer as net 'n klompie Mopani-bome hê.**

**Waarom bly die Unie agter? Sou dit wees omdat geen partybewind dit kan waag om in die aangesig van opposisie-kritiek geld vir dié doel aan te wend nie? Of omdat die waarde van die uitsendings tog weens partypolitieke bewaking tot nuttelose vermaaklikheidsprogramme beperk sal wees?**

**Maar dan lê die fout nie by New Delhi of by Moskou nie.**

# Van die Os op die Esel

## Deur Sybrand

### *Dis nie ons Leefwyse nie*

„As ek elke dag die nuus van wat oral in ons land gebeur in die koerante lees dan kry ek waarlik 'n nog groter renons in die partystelsel as wat ek reeds het," skryf een van my lesers uit Kaapstad. „Ek wil amper sê dat die partypolitieke demokrasie vir ons 'n vloek geword het.

„As 'n mens elke dag in jou koerante lees van moord en doodslag en twis en tweedrag, en verkragting en roof en diefstal, en so al meer, dan moet jy darem — selfs teen jou sin en wil — tot die oortuiging kom dat die dissiplinering van al die mense in ons land — van bo af so dringend noodsaaklik geword het dat dit nie langer uitgestel mag word nie. Die soort partypolitieke demokrasie wat dan kastig ons ,way of life' sal wees, se aard is om Gods water oor Gods akker te laat loop. Die partypolitieke leiers van ons land is nie in staat nie en ook nie geneig nie om êrens wal te gooi nie, want hulle is bang dat as dese en gene 'n bietjie kortgevat word hulle hier, daar en elders 'n klompie stemme mag verloor in die volgende verkiesing. En daarom ontwikkel toestande, sonder rein of beheer, tot bandeloosheid.

### *Dissipline is nodig*

„Is daar dan nie 'n gesonde kern in ons volk wat besef hoe noodsaaklik dissiplinering geword het terwille van die behoud van daardie waardes en beskouinge wat onontbeerlik is vir 'n fatsoenlike samelewing nie? En wat bereid is om openlik daarvoor te pleit nie?

„Dit is een van die pragtige doelstellings wat die Ossewabrandwag byna verwesenlik het; ongelukkig het die partypolitieke ondermyning van die Ossewabrandwag hierdie seën van ons volk afgeweer. Maar die doel moet steeds nagestreef word. Ek meen ons moet begin by die geestelike regimentering van ons jeug. Ons kinders en ons jongmense moet geleer word om opnuut waarde te heg aan beginsels en ideale. 'n Mens sonder beginsels en ideale is soos 'n motor sonder 'n stuur. Sy uiteinde is vernietiging.

### *Oeroue Kraalgewoontes*

„Maar boweal is die regimentering van die glad nie of halfontwikkelde naturel absoluut noodsaaklik. Die alternatief is vernietiging, nie alleen van die naturel self nie, maar ook van die blanke.

„Dit word tog immers aanvaar dat die naturel nog glad nie díe ontwikkeling van die gewone Westerse mens bereik het nie. Trouens sodra die sogenaamde beskaafde naturel maar net weer sy kop by die bekende stroois insteek, dan keer die oeroue kraalgewoontes terug. Die klere van beskawing word afgegooi sowel as die taal van die beskawing — en hy verstaan en praat net een taal, die taal van wreedheid.

„Siedaar, die bloedige en afgryslike tonele oor ons hele land. Die gebeurtenisse in Port Elizabeth onlangs bied 'n afskuwelike voorbeeld: om twee diewe te beskerm het die naturelle hul weldoeners vermoor, hul vermaaklikheidsplekke afgebrand— in 'n vlugge oomblik was hulle honderd jaar terug in hul barbaarse element.

### *Barbaar verstaan Geweld*

„Indien die beskawing nie met die naturel praat in die taal wat die barbaar verstaan nie, dan sal die barbaar die beskawing vernietig. Dit is 'n waarheid wat nie ontken kan word nie. Hoe meer daar verskoning gesoek word vir die moordenaars en vernielers hoe meer word hulle aangespoor om weer te moor en te verniel. Die taal wat die masjiengeweer praat is die taal wat die barbaar verstaan en met daardie taal moet gepraat word met die barbaar wat moor en verkrag en verniel. As dit nie die taal van die partypolitieke demokrasie is nie, dan moet daardie soort demokrasie verdwyn. Ek sien duisendmaal liewer daardie demokrasie gaan as die blanke en sy beskawing.

### *Afrika-Kongres*

„Die naturelleprobleem is 'n Afrika-probleem en as sodanig moet dit aangepak word indien ons gelukkige verhoudings tussen wit en swart wil verkry. Waarom neem die regering nie die voortou om 'n Afrika-kongres te belê nie? Daar kan besluit word om Afrika te verdeel tussen wit en swart. Laat die naturel terugkeer vanwaar hy kom — na sy eie land, en laat hom daar op sy eie manier ontwikkel onder leiding desnoods van blankes, totdat hy ryp is vir die beskawing. En laat die proses van rypwording geskied met behulp van strenge tug en dissipline. Dit is die weg van verstand. 'n Jakkals sal nooit 'n skaap word solank hy ongehinderd toegelaat word om onder die skape te leef en net so veel van hulle op te vreet soos hy wil nie!

### *Praat tog Minder en Doen Meer*

„Die regering moet besluit op strenge, hardhandige optrede teen die moordenaars en wetbrekers of hulle moet chaos laat intree. En die blankes moet besluit op opofferings of ondergang.

„Maar die blankes kan geen besluit neem solank hulle van mekaar vervreem is in politieke partye nie. En die regering kan nie streng optree solank die opposisie hom dit verwyt nie.

„My advies aan die regering is: Moet tog nie so baie praat en praat oor apartheid en redding van die blanke beskawing nie. Sê liewer minder, sommer baie minder, maar doen asseblief meer, sommer baie meer. En die eerste daad om te doen is om die kleurvraagstuk uit die partypolitiek te haal. Daardeur sal die blankes ophou om onder mekaar te babbel-baklei oor dié vraagstuk en kan 'n begin gemaak word met 'n gesamentlike oplossing van die vraagstuk."

### *Drie Oplossings*

Die oplossing wat my leser aanbied word ook in **adv. Pirow se Nuusbrief** bepleit. Die Nuusbrief skryf dat daar vandag in ons land oplossings aangebied word in drie rigtings:

(a) „Die sogenaamd liberalistiese rigting (wat baie nou aansluit by die kommunistiese wat sy onmiddellike oogmerk betref) met die gedagte van 'n verlenging van politieke, ekonomiese en sosiale gelykstelling van blank en nie-blank; (b) die apartheidsrigting met die gedagte aan sosiale en politieke skeiding van blank en nie-blank gepaard met 'n toenemende integrasie van die nie-blankes in die ekonomie van die blanke gemeenskap; (c) die segregasierigting met die gedagte van die afskeiding van die nie-blankes in aparte state onder blanke voogdy en geleidelike uitskakeling van die nie-blanke uit die ekonomie van die blanke gemeenskap.

„Hierdie ideologiese verskille oorsny die partypolitieke indeling. Ons kry die gesindhede (a) en (b) by die Verenigde Party en die gesindhede (b) en (c) by die Nasionale Party. 'n Besonder eienaardige ontwikkeling is egter dat daar in die geledere van die V.P. 'n toenemende aantal, veral Engelssprekendes, gevind word wat rigting (c) begin ondersteun. Of miskien is dit nie so eienaardig nie. Die gedagte van totale segregasie het veel wat aanloklik is vir mense wat aanhangers van 'n meer deurdagte liberalisme is, 'n liberalisme wat nie soseer in terme van die regte van indiwidue dink nie as in terme van mondige en weerbare persoonlikhede.

### *Vorm van Samewerking*

„Die Verenigde Party kan uit die aard van sy samestelling nooit die oplossing (c) as beleid aanvaar nie. Daarvoor is die groep (a) onder sy leidende persoonlikhede veels te sterk en te wakker. Die Nasionale Party het hom ten volle vereenselwig met rigting (b) en het met nadruk verklaar dat hy die derde oplossing as onwenslik en onmoontlik beskou."

Ten slotte verklaar die Nuusbrief:

„Wat nou oorbly is dat die persone wat algehele segregasie in beginsel ondersteun, afgesien van hulle gebondenheid aan taal- of partygroepe een of ander vorm van samewerking moet vind, veral met die oog op propaganda vir hierdie gedagte wat per slot van rekening die enigste verstandige en billike oplossing is van Suid-Afrika se hoofprobleem."

### *Is ek Nat of is ek Sap?*

Ek het onlangs 'n briefie in Die Burger, mondstuk van 'n politieke party, gelees waaroor ek lag gekry het. En tog . . . ek wonder of ek nie liewer daaroor moes huil nie. Dit is 'n getuienis van die verwarring waarin die partypolitiek sommige Afrikaners laat beland. Die skrywer van die briefie (iemand uit Stellenbosch) weet nou glad nie meer wat die verskil is tussen sy party en die party wat hy beveg nie! En blykbaar hinder dit hom. Hy skryf: „Toe ek in Die Burger van 15 Oktober die verslag oor die Kaaplandse Sapkongres lees, het ek begin wonder of die Sappe dan nou Nat word en of ek Sap word. Hulle is nou skielik nie teen apartheid nie, en ek was dan onder die indruk dat hulle dit tydens die jongste parlementsitting heftig beveg het; maar miskien het ek onder 'n wanindruk verkeer."

Nee, die briefskrywer in Die Burger het nie onder 'n wanindruk verkeer nie; hy het maar net vergeet dat hy met politieke partye te doen het. Want al is die Opposisie ook ten gunste van apartheid (of afsondering, soos hulle dit noem) dan moet hulle nog die regering se apartheidsmaatreëls in die parlement beveg — want hulle is die opposisieparty en dit is hulle taak om die regeringsparty te opponeer. As 'n mens hierdie feit onthou dan verstaan jy volkome die skynbare teenstrydighede van die partypolitiek.

Maar juis omdat die partypolitiek onnodige stryd en verwydering tussen wesentlik eersdenkende lede van 'n volk teweegbring, daarom is die partypolitiek 'n las van tweedrag wat elke volk van hom moet afskud.

# Naturelle Rustiger Buite Britse Gebiede

**Onder dieselfde datum (3 Oktober) het Die Burger en die Cape Times verwysings bevat na die hantering van naturelle in ons nie-Britse buurstate in Afrika. Albei was in hoofsaak eens dat daar strenger teen die naturel opgetree word as in die Unie en dat daar groter rus is.**

**Die Burger skryf onder meer:**

**„Wie na die Belgiese en Portugese gebiede in Afrika kyk, sal al dadelik opmerk dat dinge daar in vergelyking met die Britse gebiede, of die gebiede waar die Britse invloed sterk is, opvallend rustig is.**

„Dat in daardie dele meer vir die naturel gedoen word as in die Unie en in Brits-Afrika, is net nie waar nie. Die verklaring moet elders gesoek word. Eintlik hoef dit nie gesoek te word nie; dit lê voor die hand. In Belgiese en Portugese gebiede word agitators, en veral blanke agitators, eenvoudig vir geen oomblik geduld nie. **Hierdie lande onderskryf nie die Britse sienswyse dat die naturel die vryheid moet hê om homself en sy ras te vernietig nie. Hulle huldig nie die opvatting dat dissipline verdrukking is nie.** Die naturel wat hom aan dissipline nie onderwerp nie, word gedissiplineer totdat hy tot beter insigte kom. Die blanke agitator word uit die land geweer, of anders sonder seremonie eers gestraf en dan gedeporteer. Daardie mense is nog ortodoks genoeg om te glo dat die kind beskerm moet word, nie alleen teen homself nie, maar ook teen kwade invloede van buite."

**BEAAM**

Die Cape Times se rubriekskrywer verwys na die eise wat deur die Mau-Mau gestel word met die opmerking dat dit grootliks ooreenstem met die eise van die African National Congress, en verklaar vervolgens:

„Spring Portugees-Oos-Afrika al hierdie onrus vry? Ons hoor min van wat in hierdie aangrensende gebied aangaan. Maar my gedagtes het daarheen teruggegaan toe ek die berigte gelees het dat Port Elizabeth besorg is oor die groot getalle naturelle in daardie stad wat geen werk skyn te hê nie dog genoeg tyd om deel te neem aan die oortreding van sogenaamde ‚onregverdige wette.'

**„In Portugees-Oos-Afrika, waar apartheid nie 'n amptelike beleid is nie, word geen werklose naturel toegelaat om in die stede te bly nie. Sodra hy geen werk het om te doen nie, word hy onmiddellik teruggestuur na die ‚bundu.'**

**„Toe ek hierdie dinge verlede jaar daar aanskou het as 'n besoeker, het niks my meer getref nie as die strenge beheer en bewaking van die Portugese werkende naturel."**

## Telepatiese Hulp By Eksamen

'n Britse tweeling wat 'n eksamen in biologie moes aflê het hul boeke tussen hulle verdeel sodat elkeen ses gelees het wat die ander nie onder oë gehad het nie. Die meeste vrae was uit een boek, maar die suster wat daardie boek nie gelees het nie, het haar vrae volledig beantwoord, maar dit het dermate met dié van haar suster ooreengestem dat die eksaminatore hulle van oneerlikheid verdink het. Ondersoek het egter geopenbaar dat geen afkyking moontlik was nie en dat dit 'n geval van telepatie was. Die verhaal word vertel deur prof. Hilda Lloyd van die Birminghamse universiteit.


## GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

**TARIEF:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**

(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar.

Vir herhalings 25 persent afslag.

**Handelsadvertensies:**

Eerste plasing 2d. per woord. Vir herhalings 25 persent afslag.

**Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings en intekengeld na VOORSLAG (EDMS.) BEPERK, Posbus 1411, KAAPSTAD.**

**BETREKKING VAKANT**

Motorwerktuigkundiges gevra. Skryf aan: VERMAAK SE MOTORHAWE, Posbus 54, Patensie, K.P. 5/11/4B

**MEUBELS**

MEUBELS.—Beter Meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen katalogus. Meld waarin u belangstel. — VISSER-MEUBELS, Langstraat 179, Kaapstad. 3/12/11

**RADIO**

LOUW EN LOUW, die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, Parow, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

**HORLOSIES EN BRILLE**

H. J. STEYN, De Villiersstraat 17, Vasco, K.P.—Vir horlosies en brille. Verkoop en repareer. Persoonlike aandag 19/9/TK



**O.B. VRIENDSKAPSENTRUM**

Groote Kerkgebou 604, Kaapstad

*Vir*

Heerlike koffie: Tee: Koeldranke: Roomys: Geroosterde brood: Toebroodjies: Soep en Nagereg

**Besoek ons wanneer u in Kaapstad is**

*Ons pryse—die billikste* *Ons diens—die beste*


## Diere Verdwyn op Plase

Toenemende meganisering van Suid-Afrikaanse plase het in die afgelope vyf jaar geskied. Teenoor 53,548 trekkers en vragmotors wat boere in 1947 besit het, loop daar vandag 79,731 op ons plase. Van die meer as 100,000 plaasvoertuie wat vyf jaar gelede deur diere getrek is, het nog net 72,000 oorgebly. Na verklaar word, het produksie in sommige gevalle soveel as verdriedubbel nadat meganisering toegepas is.

## Kind Kry Nuwe Bors

Bors en ribbebene is op 'n pasgebore kind oorgeplant wat gedeeltelik sonder bors met die hart buitekant, in Chicago gebore is. Dr. S. Mackler het die operasie gedoen met die borsen ribbebene van 'n doodgebore kind. Die verwydering daarvan alleen het hom twee uur geneem. Of die operasie geslaagd is, sal eers oor 'n maand en miskien nog 'n jaar bepaal kan word. Die oorgeplante bene groei nie self nie, maar dien as raamwerk wat deur die liggaam met sy eie been vervang sal word.

## Kandidaat Hou 400 Toesprake

Tydens die Amerikaanse verkiesingsveldtog om die presidentskap wat Maandagaand ten einde geloop het, het genl. Eisenhower 228 toesprake gehou teenoor 107 van sy teenstander, goewerneur Stevenson. Die Demokratiese Party se kandidaat vir die onderpresidentskap, sen John Sparkman, het egter ver die meeste toesprake gehou — 400 waarvoor hy 36,000 myl afgelê het.

## Blanke Arbeid op Tabakplase

Die Suid-Rhodesiese regering het ingewillig om 'n proefneming met blanke arbeid op tabakplase te doen in samewerking met die Rhodesiese tabakvereniging.

Indien die proefneming met welslae bekroon word, is dit waarskylik dat blanke arbeid in hierdie bedryf 'n algemene beleid sal word as 'n teenvoeter vir die toenemende skaarste aan naturelle-arbeid, word verklaar.

# Kan Dalk Water aan Dorre Dele in S.A. Bring

**Geweldige moontlikhede vir ontwikkeling van droë en agterlike gebiede in Suid-Afrika word ingehou in stappe vir die varsmaak van seewater waaraan tans in die Unie gedink word en wat die belangstelling van die Raad vir Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsing gaande gemaak het.**

Na berig word, word planne beraam vir proefnemings in die Unie vir die varsmaak van seewater volgens prosesse wat reeds in Holland en die Verenigde State beproef word. Die prosesse bestaan daarin dat seewater vloei oor geëlektrifiseerde sintetiese weefsels wat dan die soute in die water laat neerslaan.

Dit is moontlik dat die proses minder sal kos as om water te distilleer. Seewater word reeds aan die kus van Suidwes-Afrika waar dit besonder droog is, gedistilleer. Daar moet nog gesien word of die nuwe proses betalend genoeg sal wees om besproeiing moontlik te maak.

## VROUE WIL OOK IETS BRING

Op die vroue-vergadering in die Groote Kerkgebou, verlede Woensdag, is besluit om voortaan op die gereelde byeenkomste, elke laaste Woensdag van die maand (om 10.30 vm.), ook 'n verkoping in die Vriendskapsentrum te hou van gebak, handwerk of plaasprodukte wat beskikbaar is.

Die bedoeling is nie dat daar groot gewerk of georganiseer moet word vir die dag nie, maar dat elkeen maar bring wat hy het, en dat dit 'n gewoonte sal word daar op die dag die een en ander in die Sentrum aangebied word.

Die vergaderings sal dan nog soos in die verlede gehou word afgesien van die verkoping maar in die O.B.-kantoor in plaas van die komiteekamer.

# TORING VAN BABEL VORDER NIKS

**Mnr. J. D. Theron, De Rust, distrik Oudtshoorn, skryf:**

Ek wil graag mnr. M. C. Joubert, Mariba, Rayton, Tvl., van harte bedank vir die waarskuwings en wekroep in Die O.B. van 27 Augustus. Mag daar meer sulke wekroepe kom om die skape terug te bring na die wet en die getuienis. Blaas hard die basuin, want ons het 'n vasslapende Jona! Ek is dit eens met hom. Die O.B.-pad is die regte pad as God die leier is, en nie Mammon nie. Die Allerhoogste het die O.B. afgeskeur van die partypolitiek en ons van tweedrag bewaar op die jongste laertrek. Dankie, mnr. J. A. Smith en die ander leiers! Die persoon wat probeer om die O.B. in die partypolitiek in te lyf is blind of onkundig of geen Afrikaner nie.

Daar is drie dinge wat my hinder. Die eerste is die leerstellinge van ons kerk wat deur menslike opinies verwater word. Ons staan saam op 'n wye vlakte in die mistige weer en elkeen roep dat by hom meer lig is as by die ander, maar hier is nou die wekroep: Terug na die Wet en die getuienis. As die volk nie na Gods Woord luister nie, sal daar geen daeraad wees nie (Jesaja 8:20).

Die tweede is die partypolitiek. Partye is besig met die toring van Babel. Die een party vra klei, die ander gee ouklip; kom die een bo, breek hy af wat die ander gebou het, en begin op dieselfde manier te bou met net 'n ander troffel. Nou is daar nog Afrikaners in albei partye wat onvermoeid aanhou om klei en klip aan te dra na die toring van Babel, en my mede-Afrikaner, ek kan u verseker dat die toring nog net so hoog of laag staan as veertig jaar gelede.

Die derde ding wat ek nie mee eens voel nie is dat my veertien osse vir byna twee jaar by die redakteur van Die O.B. in die kraal staan ('n bydrae vir die blad van ses bladsye in verband met veertien sinnebeeldige osse, wat ons indertyd nie geplaas het nie, — Red.)

Alles dui daarop: ons volk het die Beliamsweg ingeslaan en ons jaag na die skatte en eer van koning Balak. Vandaar die toorn van God oor ons volk. Laat ons opstaan en vra na die ou pad: wandel daarin en julle sal rus hê vir julle siele (Jer. 6:16.). Vir ons beweging geld ook: soek eers die koninkryk van God, anders sal daar vir ons volk geen daeraad wees nie. Daarom roep die Here ons deur sy strawwende hand terug na die ou paaie, want ons kan nie twee here dien nie.

*Soos Ons Lesers Dit Sien*

## Geen Behoefte Aan Moderne Geriewe

Daar is nog een plek binne bereik van die beskawing waar die mense verkies om te lewe op 'n wyse wat die lewenskoste in sy opwaartse vaart aansienlik moet dwarsboom. Die 5,000 inwoners van die Achill-eiland (wat van die Wes-Ierlandse kus deur 'n waterstrook van slegs 'n paar honderd tree breed geskei word) leef ten spyte van die naderende atoomeeu nog steeds soos hul vaders en moeders in die negentiende eeu.

'n Paar maande gelede is kragdrade na die eiland aangelê deur die elektrisiteitsvoorsieningsraad in die verwagting dat die inwoners met blydskap die hande sal reik na moderne geriewe soos elektriese ligte en stowe, draadlose en televisie. Niemand het egter aansoek gedoen om by die kragvoorsiening aan te skakel nie, selfs nie ingevolge die beste pogings van werwers om hulle oor te haal nie.

Die inwoners verkies om nog soos in vorige eeue te werk solank die son skyn en daarna in die kombuis rondom 'n turfvuur op die es hul aande met die vertel van stories deur te bring en hul aartappels te eet.

Aan 'n verteenwoordiger wat daarop gewys het dat dit maar £6 sal kos vir die elektriese installasie, het 'n vrou geantwoord: „Ek sal nie soveel olie uitbrand in 'n jaar van Sondae nie."


**Beter Tabak maak Beter Sigarette**



# BEVESTIG ADDIS ABEBA AS ROOI NES

**Die kommunistiese „nes" in Afrika vanwaar die saad soos suurdeeg na die omliggende gebiede deurwerk is bekendgemaak in 'n opsienbarende verklaring wat aan *Die Vaderland* gedoen is—„uit 'n bron wat om begryplike redes nie onthul kan word nie," aldus die blad. Die „nes" word verbloem deur 'n hospitaal of sanitorium wat deur Sowjet-Rusland opgerig is net buitekant Addis Abeba, hoofstad van Abessinië, en wat bedien word deur 300 geskoolde kommuniste uit die Sowjet se hoogste rakke.**

**Dit bevestig die berig wat ons indertyd by die oprigting van hierdie hospitaal in *Die O.B.* geplaas het. Behalwe hierdie verbloemde „nes," is dit bekend dat Sowjet-Rusland 'n gesantskap in Addis Abeba onderhou met 'n geweldige groot personeel—buite alle verhouding tot die personeel wat so 'n gesantskap onder normale omstandighede sou nodig hê.**

Die verklaring van Die Vaderland lui dat kort nadat Haile Selassie as keiser van Abessinië herstel is, het Sowjet-Rusland 'n aanbod gemaak om net buitekant Addis Abeba 'n sanatorium op te rig „as 'n gebaar van die Sowjet-regering teenoor die volk van Abessinië omdat hulle so swaar gely het."

Die aanbod is met groot dankbaarheid deur Selassie aanvaar en vandag pryk daar net buitekant Addis Abeba 'n geweldige sanatorium, van die modernste denkbaar.

**PERSONEEL UIT RUSLAND**

**Die sanatorium moes egter met gekwalfiseerde personeel voorsien word en ook hier het die Sowjet-regering aangebied om die las te dra. 'n Personeel van nagenoeg 300 dokters, verpleegsters, en hospitaalbeamptes is van Rusland af gebring om onder kontrak diens te doen in die nuwe hospitaal.**

Die hospitaal is 'n reusesukses. Nie alleen burgers van Abessinië nie maar selfs van omliggende gebiede word daar verpleeg, volgens die allermodernste wetenskaplike tegniek.

**VERPLEEGSTER ONTSNAP**

Betreklik onlangs egter het 'n verpleegster van die hospitaal al — een van die wat onder kontrak van Rusland uitgebring is — 'n aantreklike Italianer van Addis Abeba ontmoet. 'n Verhouding het ontstaan en die paartjie het trouplanne gemaak, maar alvorens die huwelik kon plaasvind, moes die verpleegster van haar verpligtinge jeens die hospitaal onthef word.

Sy is herinner aan haar kontrak en deur die politieke polisie belet om selfs die stad te besoek. Uiteindelik het sy en haar minnaar egter met die hulp van 'n Abessynse prins-familie van Selasse — het hulle veiligheid oor die grens bereik.

In Nairobi het die paartjie huisvesting gekry by die persoon wat die bron is van hierdie inligting.

**GESKOOLDE KOMMUNISTE**

Uit die vertellinge van die verpleegster blyk dit dat die 300 personeellede van die hospitaal geskoolde kommuniste is uit die Sowjet se hoogste rakke. Omdat die hospitaal pasiënte van heinde en verre lok is daar ook soms persone van buite Abessinië se grense wat daar behandeling ontvang — dus ook van Kenia.

**Die metode sou dan wees om die pasiënt van die allerbeste behandeling te gee en so lank as wat die behandeling voortduur, word aan hom beduie dat Afrika die land van die swartman is, dat hy geregtig is op sy vryhede — inderdaad, hy word met die leer van die kommunisme ewe sterk en sterker gedokter as met die medisyne vir sy kwaal.**

**OOREENKOMS**

**Opvallend is dit dat die manier waarop die Mau-Mau optree teen sy slagoffers juis 'n eienaardige ooreenkoms toon met die wyse waarop die N.K.V.D. van „ongewenste" persone ontslae raak.**

Ten slotte word hierdie „sanatorium" deur die voormalige verpleegster beskryf as 'n kommunistiese nes vanwaar die saad soos suurdeeg in die omliggende gebiede deurwerk.

Aldus die verklaring aan Die Vaderland.

# 99 Persent van Volk In V.S.A. Glo Min of Meer in God

**Hoe gelowig is die Amerikaanse volk? Volgens 'n opname van die „Catholic Digest" glo 99 persent van die Amerikaners tot een of ander mate in die bestaan van God. Dit blyk egter ook dat 'n aansienlike aantal mense wat hulself as lidmate van 'n kerk beskou nie eens hierdie (wat in teologiese taal beskryf word as) historiese geloof besit nie.**

87 Persent is „heeltemal seker" dat daar 'n God is, 10 persent is „taamlik seker", en 2 persent „nie so seker nie".

Die vroue glo byna sonder uitsondering, terwyl 98 persent van die mans glo. In die hoër skole glo 99 persent maar aan die universiteite glo net 94 persent.

Van diegene wat hulself as lidmate van die Roomse kerk beskou, is 92 persent „seker" van die bestaan van God, 7 persent „taamlik seker" en 1 persent nie so seker nie. Die onderskeie syfers vir die ander kerkgenootskappe is: Baptiste 93, 6 en 1; Methodiste 86, 11, 2, (met een persent wat sterk twyfel of nie glo nie); Lutherse 80, 17, 2 en 1; Congregasionaliste 72, 20, 8; ander Protestante 89, 9, 2; ander kerke of geen kerk (met uitsluiting van Jode) 55, 21, 7, 17. Behalwe laasgenoemde groep, wat ook die nie-kerklikes insluit, is die grootste persentasie ongelowiges onder die Jode, naamlik 3 persent teenoor 70 wat seker is, 18 persent wat taamlik seker is en 9 persent wat nie so seker is nie.

## Miljoen Sjinese Veg Teen V.V.O.

Die sterkte van die Sjinese landmagte in Korea word deur die Britse minister van verdediging, burggraaf Alexander, op 1,000,000 gestel. Hy het gesê dat die kommuniste nog steeds hul magte uit Sjina kan aanvul.

## Nie-Blankes Lees Graag Afrikaans

By die nie-blanke lesers in die Skiereiland, Wes-Kaapland, is 'n steeds groeiende vraag na Afrikaanse boeke merkbaar, het mnr. Peter Blum, toesighouer van die huidige biblioteekplan vir nie-blankes, in Kaapstad verklaar. In die afgelope vier jaar het die getal Afrikaanse boeke in die boekerye byna vervierdubbel en was daar 'n sterk toename in die omset van Afrikaanse boeke.

Die biblioteekplan se omset van boeke het van 8,000 in 1948 tot 67,000 in 1951 (vanjaar na berekening 78,000) gestyg.

SANLAM

BIED UITKOMS AAN ELKEEN

Dit is in tyd van nood
dat 'n mens jou eie mense soek
Dit is in tyd van nood
dat 'n mens jou eie mense vind
by
SANLAM
*die grootste Afrikaanse Lewensversekeringsmaatskappy*
HOOFKANTOOR: WAALSTRAAT 28 .... KAAPSTAD.
*Takke en agentskappe deur die hele Suidelike Afrika.*
S/ALG1

NET 'N PAAR ITEMS
om u in staat te stel om ons pryse te vergelyk

| | |
|---|---|
| Giant Potloodskerpmakers | 24/3 |
| Elite Draadhegmasjiene | 38/0 |
| Dubbele Glas Inkpotte | 10/9 |
| Afrolpapier 13 dm. x 8 dm. | 10/2 |
| Tikpapier 13 dm. x 8 dm. | 12/0 |
| Tikpapier 10 dm. x 8 dm. | 9/0 |
| Losblad Grootboeke—alle groottes in voorraad vanaf | 88/0 |

*Alle Kantoorbenodigdhede voorradig — Dit sal u betaal om u volgende bestelling by ons te plaas.*
SOLMS VAN NIEKERK (EDMS.) BPK.
Keeromstraat 95, KAAPSTAD - Telefoon 2-7071

# ISRAEL KOM VERBY MET SABBATSJAAR

**Die Joodse Sabbatsjaar het aan die begin van verlede maand tot sy einde gekom, en 'n verlies van slegs £30,000 aan produksie veroorsaak, volgens amptelike berekening.**

Vir die eerste maal in baie eeue het die Jode die sewende jaar in hul jaartelling weer onderhou soos in Levitikus 25 vers 3 en 4 voorgeskryf word, naamlik om alle lande en wingerde te laat rus. Die meerderheid in Israel is egter nie meer ortodokse Jode nie en die rabbyne moes 'n uitweg soek tussen die handhawing van die rusjaar op ortodokse wyse en die opvattings van die moderne Joodse meerderheid.

Die oplossing is daarin gevind dat die hele Joodse grondgebied in Israel op plegtige wyse op die berg Sion „verkoop" is aan 'n Arabier met die naam Mahmoud. Laasgenoemde het die rabbyne volmag gegee om die grond weer aan hulleself terug te verkoop aan die einde van die sabbatsjaar.

**KON VOORTGAAN**

Aangesien alle landbougrond dus vir die jaar nie aan Jode nie, maar aan 'n heiden „behoort" het, het dit geen saak gemaak nie dat die Joodse landbouers soos gewoonlik voortgaan met hul saaiery en oestery.

Alle ortodokse Jode het egter nie met die plan genoeë geneem nie. Die opregte gelowiges het hulself verplig geag om hul boorde en lande te laat rus. Dit het betrekking gehad op 'n geringe aantal nedersettings wat liewer die vrugte aan die bome sien afval het as om dit af te pluk en te eet. Jode wat nie kans gesien het om net van vleis te lewe nie, het vrugte en groente van nie-Joodse venters gekoop.

Na berig word, was dit eintlik maar 'n betreklike klein aantal Jode wat die Sabbatsjaar volgens voorskrif onderhou het, en die totale verlies aan produksie word slegs op £30,000 deur die staat bereken.

## UNIE VERSKAF WAPENS

Die Unie-regering het onderneem om 'n aansienlike hoeveelheid wapens en ammunisie aan Kenia te verskaf, word uit Nairobi berig. Die eerste besending het reeds daar aangekom.

Verklaar word dat dit die strategiese belangrikheid van die Unie onderstreep as 'n voorradebasis in tyd van oorlog of ander onluste in Afrika.

## 100 Moorde Al Aangemeld

Die Mau-Mau ruik na die kommunisme en het sy ontstaan nie uit ekonomiese vraagstukke nie, dog is anti-blank en anti-Christelik, het Oliver Lyttelton, Britse minister van kolonies in Kenia gesê. Ekonomiese griewe word slegs as dekmantel gebruik.

**Verlede week is berig dat die aantal moorde deur die Mau-Mau wat amptelik bekend is, op 100 vir die afgelope jaar gestel word. Daar word egter gemeen dat 'n baie groot getal moorde onder naturelle nooit aangemeld word nie.**

Die beweging het eintlik eers die afgelope paar maande groot bedrywigheid aan die dag gelê.

Meer as 6,000 naturelle is die afgelope weke deur die polisie en leër aangekeer vir ondervraging en aanhouding.

## Duitse Tegnici Allig Nie Meer Na Buiteland

Die Wes-Duitse regering is voornemens om die emigrasie van tegnici en geskoolde werkers na die buiteland stop te sit, na uit Londen berig word.

Die Duitse regering voel dat hoewel daar nog aansienlike werkloosheid in Wes-Duitsland heers, die land van sy beste opgeleide werkers verloor.

Alle politieke berigte is geskrywe deur N. G. S. van der Walt en W. R. Laubscher, Groote Kerk-gebou 703, Kaapstad

„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Birdstraat, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers, Voorslag (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

O.B. JAARGANGE
JAARGANG 1950—1951
Nou verkrygbaar teen £1 5s. elk.
PRAGTIG INGEBIND
*VOORRAAD BAIE BEPERK*
BESTEL DUS DADELIK BY:
VOORSLAG (EDMS.) BPK.
Groote Kerk-gebou 703 — Kaapstad

• WAARDE
• KWALITEIT
• VERSKEIDENHEID
DAMES-, MANS- en KINDER-UITRUSTERS SNYERS
UNIEWINKELS
BEPERK
KERKSTRAAT 275 — PRETORIA
Takke: Johannesburg, Germiston, Benoni, Vereeniging, Kaapstad